

omdat hulle nog self buite die verbond staan.

5. As getuie van 'n kind behoort niemand op te tree nie wat nie van plan is om vir die kind se siel en vir sy godsdienstige opvoeding verantwoordelik te wees nie.

6. Deur die doop word die lammetjie vir die Goeie Herder gemerk, om hom later vrywillig aan daardie Herder oor te gee; en die ouers belowe om die kind as sodanig op te voed.

7. Deur die doop bely ons dat ons glo dat die bloed van Jesus ook vir ons klein kindertjies gestort is om hulle van die erfsonde te reinig, en dit geskied deur die geloof van die ouers en ook deur die geloof van die kind as hy eenmaal groot sal wees.

8. Dis onmoontlik om te bepaal wanneer die verdienste van Kristus 'n gedoopte kind toegereken word, of wanneer die kind wedergebore word. Dis moontlik dat dit reeds by die doop op die geloof van die ouers kan geskied.

(*Oorgeneem*).

4. Die Bederf van Kinders.

Dit is voorwaar nie 'n gemaklike taak om kinders behoorlik op te voed nie. Daar lê in die woord *opvoeding* meer as 'n mens oppervlakkig sou dink. U kinders moet opgebring word nie alleen vir hierdie wêreld nie, maar veral vir 'n hoër bestemming vir die hemel, en in hierdie sin sou ek graag die woord *opvoeding* verstaan wil hê. Die wyse waarop baie kinders egter gelei en bestuur word, is

juis geskik om die teendeel van hulle te maak wat 'n mens anders graag van hulle sou verwag, en waardeur die ware vorming, vernaamlik van die gemoed, heeltamal verwaarloos word. Dit geskied natuurlik nie altyd opsetlik nie, maar uit onkunde met die eise en voorskrifte van 'n ware kristelike opvoeding. Die kind se hart is, net soos die van 'n volwassene, van nature sondig en boos. Daarom is dit makliker om 'n kind te bederf as te verbeter. Ook vereis dit geen die minste inspanning nie; die bose kom vanself.

Hier is 'n paar voorskrifte hoe om 'n kind te bederf; as hulle behoorlik opgevolg word, sal die opvoeding van die kind verydel word. Wil u egter ander uitkomst sien, laat hulle dan sorgvuldig na en trag om die teenoorgestelde te doen van wat hier geskryf staan.

1. Begin reeds vroeg met u kind dadelik te gee wat hy verlang, en sorg veral dat hy daarby geen traan hoef te vergiet nie.

2. Wanneer u kind oor pyn kla, vergroot dit dan deur u gejammer en spreek geen enkele woord van troos nie.

3. Sê aan hom dat hy vir u te veel is, en dat u niks met hom kan uitvoer nie.

4. As vader hom straf, laat moeder dan party vir hom kies, of omgekeerd.

5. Leer u kind om sy vader te beskou as iemand wat net op die wêreld is om hom te slaan of te straf.

6. 'n Vader sal sy kind baie goed bederf, as hy dronk tuis kom of lelike woorde teen die moeder praat.

7. Onderzoek nooit wat u kind lees nie, en bemoei u ook nie met te wil weet wie sy maters is nie.

8. Laat hom, as hy 15 of 16 jaar oud is, saans laat op straat boer.

9. Vertel hom altyd dat dit die beste in die wêreld is om baie geld te hê, en sorg ook dat hy altyd sy sakke daarvan vol het.

10. Bestraf hom oor elke bakketel en lag oor 'n groot sonde wat hy bedryf.

11. Sê hom altyd dat hy goed moet doen, maar laat u gedrag en wandel met u voorskrifte in stryd wees.

12. Beveel hom om kerk of Sondagskool toe te gaan, maar maak of u nie weet dat hy albei versuim het nie.

As u hierdie raadgewings betrag, sal u geen rede hê om u kind te prys en u oor hom te verbly nie; maar wil u liewers 'n deeglike mens en ware Kristen van hom sien word, volg hul dan nie op nie. U sal u daaroor later seker nie hoof te bekla nie en u baie wroeging en naberou bespaar.

5. Waarom Kinders nie bekeer word nie.

Mr. Millard, — in sy boek „*The Same Lord*” wat 'n verhaal bevat van wat die Here gewrog het deur middel van *Ds. Grubb* en sy ses medewerkers, toe hulle in Australië spesiale dienste gehou het, — deel die volgende mee wat gesê was oor struikelblokke wat kinders in die weg van hulle bekering gelê word:

„Baie kinders het na ons toe gekom en aan ons gesê dat hulle ouers beweer dat dit alles nonsens was van hul om te sê dat hul bekeerd was. Om hierdie rede is daar 'n byeenkoms uitsluitlik vir ouers gehou teneinde op hierdie punt tot 'n verstandhouding te kom.

Die teks was Luk. 2 : 44: (Josef en Maria) „meenden, dat Hij (Jesus) in het gezelschap op de weg was”. Ons het toe gesê dat baie ouers hulle jong kinders laat doop en deur hierdie plegtigheid gaan *sonder om te geloof* en sonder die geringste voorneme om die wêreld te versmaak, hulle ou natuur te dood en in 'n nuwe en godsalige lewe te wandel; ja, dat hul so 'n onbestaanbare lewe voer, dat die kinders opgroei en die *voorbeeld* van die ouers volg, sonder om na hulle *voorskrifte* te luister. En dan *meen* die ouers dat, omdat hul kinders gedoop is, alles sal reg kom! Die Here het my drie redes gegee waarom kinders nie tot bekering kom nie.

(a) *Die ouers het twee aangesigte.*

Hulle lag openlik oor die stoutigheid van hul kinders, as hul dink dat hul snaaks is, en naderhand straf hul die kind. Hulle bid om 'n seën aan tafel, wanneer 'n leraar teenwoordig is, maar nie wanneer hul alleen is nie. Hulle hou huisgodsdien, wanneer daar 'n godsdienstige tante by hulle loseer, omdat hul bang is dat sy aanstoot sal neem. Hulle lees dan ook hul Bybel en gee die kinders op Sondae lesse om uit die Skrif te leer, net om dit aan die godsdienstige vrou te laat voorkom dat daar

'n kristelike opvoeding in die huis is. Sodra die tante weg is, hou dit alles op.

(b) *Die ouers is dit nie met mekaar eens omtrent gehoorsaamheid nie.*

Die vader sê: „Nee, nie meer konfyt nie”, en die moeder sit stilletjies 'n bietjie op die kind se bord, sodra die vader ander pad kyk. Nou sien die kind hoe hy kan kry wat hy wil hê, al sê sy vader ook „NEE”. Of miskien kom die vader tuis, moeg na sy werk of besigheid en wil nie graag deur die kinders lastig geval word nie. Om nou van die las ontslae te raak, sê hy aan hulle om maar dinge te doen wat moeder hulle vantevore oor en oor verbied het. Of in sy ongeduld gee hy 'n arme knaap 'n oorveeg.

(c) *Die ouers vertel leuens.*

As hulle vir 'n siek kind medisyne wat sleg smaak wil ingee, kom hul met 'n lepelvol stroop en sê: „Ag, hoe lekker!” Die kind maak sy mond oop en neem die stroop in kinderlike vertrouwe in, om uit te vind dat daaronder 'n afskuwelike medisyne is. Ouers wat hulle kinders op hierdie en dergelike maniere in klein dingetjies bedrieg, moet verwag dat hul kinders, as hul groot word, ook sal lieg en bedrieg. Ons kan baie gevalle opnoem waardeur ouers, deur so onopreg, so onstandvastig en so onwaarheidliewend te wees, hulle kinders bederf.

Dan weer, gaan baie kinders na spesiale dienste vir kinders, en nadat hulle hul harte in eenvoudige geloof aan die Heer Jesus gegee het, hardloop hul huis-toe om die pasgevoonde

blydskap te vertel, en dan moet hulle miskien hoor: „Ag, nonsens! loop leer jou lesse vir môre. Dink 'n bietjie dat *jy* praat van bekeerd te wees!” Hul dink miskien by hulself dat die kind deur roerende verhale opgewonde geraak het, en daarom maak hulle daar so min van.

Ek herinner my dat in 'n huis waar ek eenmaal geloseer het, 'n knaap van omtrent 12 jaar sy hart aan die Heer Jesus gegee het en dit aan sy pa wat nie eintlik in die bekering van kinders geglo het nie, gaan vertel het. Op 'n skerp toon sê hy aan sy seun: „Ek sal jou dophou en sien of jy regtig bekeerd is. Dus moet jy nou maar oppas.”

Die kêreltjie was vir 'n tyd heeltemal ontmoedig. Dis op hierdie manier wat die eerste saad van twyfel in die harte van kinders deur hulle eie ouers gesaai word. Jesus het gesê: „Maar so wie een van deze kleinen, die in Mij geloven ergert (of doet struikelen), *het ware hem nutter*, dat een molensteen aan zijn hals gehangen, en dat hij verzonken ware in de diepte van de zee” (Matth. 18 : 6).

6. Die Diensbodes.

Ongetwyfeld behoort die diensbodes ook tot die huisgesin, en dis nodig dat vandag alle nadruk daarop lê. Die klagte is legio, sowel in gelowige as ongelowige kringe, oor die moeilikheid, ja amper die onmoontlikheid, om teenswoordig nog goeie, vertrouwbare, toegewyde diensbodes te kry. Allerlei faktore het onge-

twyfeld meegewerk om dit by *hulle* so ver te bring: die opstandsges van ons tyd, die sug na gelykstelling, en na 'n hoër staat as waarin hul gebore is, die gebrek aan godsdienstige opvoeding in die huisgesinne en op die skole, ens. Maar tog is dit onbetwisbaar dat ook die gelowige huivaders en -moeders hierin *nie* vry te spreek is nie, want hul het hulself gewoon gemaak om in hul diensbodes *vreemdelinge* te sien van wie hul teen soveel loon hierdie en daardie werksaamhede kan vorder, maar met wie hulle hoegenaamd geen geestelike of huislike band gevoel nie.

Dit is 'n *onreg*. Die skone woord „diensmaag” wys 'n „maagskap” aan waarin sy „dienende” tot die gesin staan wat haar as een van sy lede opgeneem het, en slegs wanneer dit nie net 'n blote frase nie maar ook 'n werklikheid is, dan sal ons ook die vroeëre poësie van die „ou getroue” diensbodes weer sien terugkeer. Dan sal die diensbodes ook self die *onderskeid* gaan insien tussen 'n „betrekking” wat hulle baie geld, lekker ete en onbepaalde vryheid bied — ook die vryheid om na liggaam en siel te gronde te gaan — en 'n „diens” in bybelse sin, waarmee hul opgeneem is in die lewe van die huisgesin waartoe hulle met al die liefde en toewyding van hul hart gaan *behoor*.

Dan sal ook die *getrouheid* en die hartlike *samewerking* tussen die bediendes en die lede van die gesin nie langer, soos nou, tot die hoë uitsonderings behoer nie. Dan sal dit ook nie langer nodig wees om elke ses of nege maande van „personeel” en van „betrekking” te verander

nie, maar dan sal ons bymekaar bly totdat huwelik of dood die gemaakte bande sal loswikkkel.

Al te seker is daar in die huisgesin onderskeidings *teenoor mekaar*, onderskeidings deur God Self gewild en ingestel. Maar *vir God is almal gelyk*, is almal erfgename van een en dieselfde belofte. Daar kom geen verskil van sekse, stand, mag of eer te pas nie. In Kristus is nog man, nog vrou, dienskneg nog vrye, maar almal is broers en susters in dieselfde Heiland, almal vrygekoop deur één reinigende bloed.

Elke waarlik kristelike huisgesin moet die lig van Kristus rondom hom versprei, net so natuurlik as 'n lamp lig in die duisternis gee. Die kristelike gesin kom tog soggens en saans bymekaar tot gebed; daarby word gelees en gesing. Nou kan die diensbodes gelok word om daardie godsdiens by te woon. Die ou s.g. *slawegesange* deur sendelinge opgestel, is nog bekend en word in baie boerewonings gebruik.

Deur die eenvoudigheid van hierdie gesange vind hulle maklik ingang by diensbodes. Al kan hul nie lees of skryf nie, kry hulle tog 'n bietjie kennis van die weg van die saligheid uit sulke liedere soos: „Mijn Heiland, ik verloren Kind”, „Hij die de Heiland nog niet heeft”, ens. Vir meer as een siel was hierdie gesange reeds wegwysers na 'n beter lewe, soos die van die „Kinderharp” of van „Hallelujah” nou nog sulks kan word, ook vir Heidens.

Laat daar op elke boereplaas 'n Sondagskooltjie vir gekleurde kinders wees. Laat 'n seun of dogter van die huis gebruik word om deur

middel van 'n Kinderbybel en 'n vraeboekie die beginsels van die weg van die saligheid aan die heidense diensbodes mee te deel.

Laat die vroom huisvader saans by die lees van die Bybel in alle eenvoudigheid 'n paar woorde praat met die doel om vir verstand en hart duidelik te maak die antwoord op die vraag: Wat moet ek doen om salig te word?

Laat die eie godsalige lewe van die heer en die vrou van die huis aan die eenvoudige woord van onderrigting, vermaning of bemoediging wat tot heil van die bediendes gesê word, krag bysit. Laat die binnekamer getuie wees van die kragtige gebede van die regvaardige, wat baie vermag tot vertedering van die onvatbare, afkerige gemoed van die heidense bediendes.

So sal ons die hande van die sendeling in die gemeente sterk, hom bemoedig en die naam van die Here verheerlik.

Wat die bearbeiding van die gekleurdes op ons Afrikaanse boereplase betref, gee 'n beproefde sendeling van ons Kerk die volgende wenke aan die hand:

„Ons vernaamste werk is om die wêreld met Kristus bekend te maak, en wel „beginnende van Jeruzalem” (Luk. 24:47). U besit Kristus. Alle mense het Kristus nodig. U is Kristus aan u naaste skuldig. Om u plig te weet en nie te doen nie is sonde. U sê: Ek gee, ek bid vir die sending. Ek gee my bediendes die reg om smôrens en saans my huisgodsdien by te

woon. Ek stel hul in staat om op Sondag kerk-
toe te gaan. Ek teken in vir die „Koningsbode”.
Wat moet ek, wat kan ek meer doen?

Kyk, die siele het aanhoudende bearbeiding
nodig om hulle regte plek in die koninkryk
van Kristus in te neem. 'n Sondagskooltjie,
'n biduurtjie, hulle persoonlik en gereeld besoek:
dit alles sou u kan oorhê vir Hom wat ook
u *agterna* geloop het, ja nog *agterna* loop.

Veronderstel dat u een keer op 'n dag, b.v.
by die aandgodsdienste, deur middel van 'n
Kinderbybel en, by afwisseling, van die Katki-
sasieboek 'n les of 'n gedeelte van 'n les met
almal wat in u bereik is, sou behandel. Daarna
sou u hul kan ondervra met betrekking tot
wat hul geleer het. Leer hul so spoedig moontlik:
die Onse Vader, die Geloofsartiekels, die Tien
Gebode. Stel die grootmense onder hulle in
staat om gedoop, aangeneem, in die huwelik
bevestig te word. (Hierdie laaste is vir die wat
ongehuud saamwoon).

Sien u nie dat u sendeling in u eie kring moet
wees nie? Dit is „beginnende van Jeruzalem”.
Dan kry die sendingsaak die regte ontwikkeling
in u lewe en word u seënende siel vet gemaak.”

HOOFSTUK V.

DIE HUISALTAAR.

I. Die Huisgodsdienst.

„Aangaande mij en mijn
huis, wij zullen de Here
dienen. Joz. 24 : 15.

Israel het gekom in die land wat deur God aan hulle vadere beloof was. Nadat Sy volk lank geswerf het, het die Here hom rus gegee. Josua het die taak volbring wat God hom op die skouers gelê het. Nog eenmaal versamel hy die volk rondom hom en stel hulle voor die keuse wie hul sal dien as hul God: die Here, God Almagtig, wat hulle uit Egipte gelei het, of die gode van die Amoriëte wie se land hul in besit geneem het. Josua het vir homself reeds die keuse gedoen; openlik, sodat die hele volk dit hoor, klink dit uit sy mond: „Maar aangaande mij en mijn huis, wij zullen de Here dienen.” Geseën is die volk wat van sy God

sulke leidliede ontvang,

— maar dubbel geseën as nie alleen die leidliede nie, maar elke huisvader vir homself tot

die keuse kom. Hoe baie van ons het die voorreg gehad om 'n vader of moeder te hê wat ook daardie keuse gedoen het en in wie se huislike lewe die invloed van so 'n keuse te sien was! Hoe baie van ons wat nog, met dank aan God, hul herinner hoe dit by hulle in die huis 'n vaste gewoonte was dat vader elke môre, voordat begin word met die dagtaak, al die lede van die gesin om die tafel verenig het, die Woord van God oopgeslaan en sy gesin die woorde des lewens laat hoor het.

Hoe vader met al die syne die Heer se aangesig gesoek het. Hoe hy elke kind by naam opgedra het aan die Vader van liefde, en ons aan sy bidde bemerk het dat vader ons geken het; want ons het hom ons verkeerdhede hoor bely en vra of die Here dit in ons wou onderdruk en of Hy ons wou leer om Hom lief te hê en van ons jeug af Hom te dien.

Byna uit alle oorde van ons land word gekla oor

die agteruitgang van die huisgodsdiens.

Hoe by vele daarvan niks meer oorgebly het nie; hoe by ander, ja, nog wel die vorm aanwesig is, maar koud, sonder lewe, sonder opwekkende invloed. Hoe by meerdere die huisgodsdiens tot die aand alleen bepaal word.

Treurig, diep treurig is so 'n toestand. Dit kan tog nie anders nie, as ons wat in huisgesinne opgekweek is waar die diens van die Heer in ere gehou was, daardie diens in ons huisgesinne verwaarloos, dat ons kinders hul heeltemal van die Here afwend.

O, vaders en moeders, in die naam van ons

Here Jesus Kristus, dink tog aan die groot verantwoordelikheid wat op u rus. Eendag sal God u rekenskap vra van elke kind wat Hy u geskenk het, wat u gedoen het om hom aan Sy voete te bring, wat nie beter kan geskied nie as deur getrou te wees in die betragting van die huisgodsdienst.

Bedink dit tog: die eerste vraag is nie hoe ons kinders in die wêreld vooruitkom nie, maar hoe hulle die wêreld eendag sal verlaat. Wat baat dit om u kinders skatte na te laat, of hulle deur onderwys in staat te stel om dit te verwerf, as die vrees van die Heer ontbreek? Geld die Here se woord: Wat baat dit 'n mens as hy

die hele wêreld wen

en aan sy siel skade ly, dan nie ook vir u kinders nie? Laat dit ver daarvandaan wees dat ons die voorregte van 'n wetenskaplike opvoeding gering skat, maar bo alle dinge moet ons toesien dat ons kinders toeneem in die kennis van Hom wat, as ons Hom ken, die ewige lewe vir ons beteken.

U sal sê: „Maar ek kan tog nie my kinders bekeer nie!” Nee, dit kan u nie doen nie, want dis die werk van God, maar God wil om die bekering van u kinders gebid wees.

Het u dit gedoen, sodat u kinders dit gehoor het, en het u hulle opgewek om dit self ook van die Here te vra? Het u ook in hierdie opsig gedoen volgens die Heer se woord: „Bidt zonder ophouden”? Ja! Nou, dan is die Heer se woord vir u ook 'n belofte waarop u Hom

kan vashou, soos Jakob by die Jabbok, en Hy sal u gebed verhoor. 'n Kind vir wie die Here in waarheid laat bid,

kan nie verlore gaan nie.

Het u dit totnogtoe versuim of het u dit nie op die regte wyse gedoen nie, d. w. s. sodat u met u siel daar heeltemal in geleef het? O, versuim dan nie langer nie, maar doen dit van vandag af. Laat u tog deur geen enkele rede terughou nie. Laat tog geen valse skaamte oorsaak wees dat u in die teenwoordigheid van u huisgenote u mond nie durf oopmaak nie om die aangesig van u God aan te roep. Sê tog nie: ek kan dit nie doen nie, ek het nie die gawe om in die gebed voor te gaan nie.

As u kind dodelik siek is, en u weet dat daar iemand is wat 'n geneesmiddel het wat u kind seker kan gesond maak, sal u dan ooit by uself sê: ek sou daardie middel graag wil hê, maar ek weet nie hoe ek dit sal vra nie? Natuurlik nie, maar u sal geen oomblik versuim om u verlange kenbaar te maak nie, en u sal nie eers daaraan dink hoe u dit sal vra nie. Nou, as dit die geval is wanneer u kind in liggaamlike gevaar verkeer, hoeveel te meer dan as dit die ewige lewe van u kind betref. Daar is niemand wat nie kan bid nie; dis maar net die drang van die hart om te bid wat ontbreek.

Maar nie alleen moet ons vir ons kinders en verdere huisgenote bid nie; ons moet ook

met hulle praat

oor hulle ewige belange. Hoeveel ligter val

dit ons meestal om met mense wat buite ons huislike kring staan, te praat oor die dinge wat die koninkryk van God aanbetref, terwyl ons in ons gesin oor alles kan praat, behalwe juis oor daardie een nodige saak. Dit is tog geen nakom van die keuse nie: ek en my huis, ons sal die Here dien.

Mog die Here in Sy groot goedertierendheid oor ons daardie valse skaamte wat hiervan oorsaak is, wegneem. Mog Hy ons nie alleen vrymoedigheid maar ook 'n behoefte in die hart gee om ons huisgenote by elke geleentheid op die enigste nodige te wys. Dan sal ons huisgesinne weer toonbeelde word van ware godsvrug. Dan kan dit nie anders nie of die Heer sal ons volk, ons huisgesinne en ons persone seën.

2. Die Môregodsdien.

Daar is ouers wat wel saans maar nie smôrens hulle huisgodsdien waarneem nie. Hulle verontskuldiging is dat menigvuldige besighede dit nie toelaat nie. Hoe dwaas! Asof 'n mens oordags beter as snags sonder die hulp of beskerming van God kan wees. Laat die geroep van die besighede daarbuite gerus wag totdat u uself en die uwe onder die leiding en beskerming van God gestel het. U verloor daar niks by nie. U wen daar oneindig baie by.

Kinders het beskerming nodig. Die knoppe van blomme het 'n beskutting van dikker blare teen die skadelike winde. Die kuikens wat onder die

vlerke van die hen beskut word, weet waarheen hul moet vlug, as die gevaar hulle bedreig. Gewen u kinders vankleinsaf aan die vleuels van die Almagtige en hulle sal weet waarheen te vlug in die ure van gevaar.

In die vroom Job het ons 'n voorbeeld van 'n huisvader wat sy môregodsdien waargeneem het. In Job 1: 4, 5, lees ons: *En de zonen van Job gingen en maakten maaltijden in ieders huis op zijn dag. Het geschiedde dan, dat Job henenzond, en hen heiligde, en des morgens vroeg opstond en brandofferen offerde, want Job zeide: „Misschien hebben mijn kinderen gezondigd.”*

Job wil nie net self van die kwaad wyk nie; hy is baie bang dat sy kinders miskien teen God sondig. As huisvader stuur hy heen en laat hulle roep om hul te heilig. Hy staan smôrens vroeg op om brandoffers vir hulle te offer. Heerlike beeld van 'n vroom huisvader! Van die godsvrug wat nie vir homself God dien nie, maar ook vir die kinders sorg!

Huisvader! hoe is dit in u huisgesin? Is u daarin getrou om u kinders elke môre rondom Gods Woord te vergader en dan met hulle tot God te gaan? Doen dit tog seker.

Die aandgodsdien is nie genoeg nie. In die oggend is alles fris. Die môre is die begin van die dag en oefen op die hele dag invloed uit. Dis beter om die kwaad vooraf te weer as om dit agterna te bely. Laat die hele huisgesin elke môrestond die dag met God begin en elke dag en die hele dag vir Hom lewe. Vergeet nie die eensame omgang met God in die

binnekamer in die môre nie, en wil u ook die seën van God in u huis hê, versuim dan nie die môregodsdienst met die huisgesin nie.

3. Die Huisgodsdienst verwaarloos.

Ons lees in die Bybel dat die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob orals waar hulle ook al heen getrek het, altare opgerig het om God te dank vir al die goeie dinge wat hul ontvang het en Hom om Sy verdere seën te bid. Sulke altare behoort elke Kristen in sy huis te hê, dit is die huislike godsdienst smôrens en saans.

Nou word die ou Afrikaanse gewoonte om ook smôrens godsdienst te hê, meer en meer nagelaat. Die haas om die boerdery in orde te bring is so groot, of ons moet vroeg werk-toe, of die oggende is te kort, en dergelyke verontskuldigings word vir hierdie versuim aangevoer. En tog is dit juis die môre wat ons in 'n stemming moet bring om God die hele dag voor oë te hou en met kristelike onderworpenheid die moeilike en onaangename wat die dag vir ons kan oplewer, te dra.

'n Vername handelaar vertel hoe hy die betekenis van die huisgodsdienst leer ken het. Hy sê: „Toe ek begin het om vir my eie rekening sake te doen, had ek die ernstige voorneme om met my huisgesin die Skrif elke dag te lees en deur die gebed gemeenskap met God te oefen.

Jare agtereën het ek dit ook volgehou. Elke môre en aand moes my gesin met my vir 'n

kort godsdiensoefening saamkom, en ek het nie toegelaat dat selfs die jongste bediende, onder watter voorwensel ook al, hom daaraan onttrek nie. Ons het die seën van God in die ruimste mate ondervind. Ons het gesondheid en voorespoed gehad en ons sake het baie voordelig uitgebrei. Dit het selfs so ver gegaan dat ek geen oomblik meer vry was nie, en toe — o jammerlike mensehart, i. p. v. dankbaar te wees en die Heer nog met meer trou te dien, — het ek myself begin wysmaak dat die oggendgodsdiensoefeninge by so 'n oorvloed van werksaamhede tog eintlik 'n bietjie ongeleë was.

Aanvanklik het my gewete my nog 'n bietjie teruggehou om met ons goeie gewoonte te breek, maar naderhand het ek so ver gekom dat ek die bediendes smôrens aan die werk laat bly het, en van ons huislike godsdiensoefening het weldra niks meer oorgebly nie as 'n kort gebed in die slaapkamer. Ek het myself hieroor wel verwytd, maar die drukte om my heen was m.i. tog 'n gegronde verontskuldiging, en ek het my daarmee getroos dat ek tog die gebed nie nagelaat het nie.

'n Tydjie later het ek 'n brief ontvang van iemand wat vroeër 'n bediende by my was en ons huislike godsdiensoefening gereeld bygewoon het. In sy brief het hy met groot dankbaarheid gepraat oor die seën wat hy daardeur ontvang het. Ek het so beskaamd en verleë geword, toe ek lees:

„O, meneer, nooit, nooit kan ek u genoeg dank vir wat ek daardeur by u geniet het nie. Die ewigheid sal te kort wees om God te prys vir

die heil wat by u my deel geword het deur die lees van Sy Woord en deur die gemeenskaplike gebed! In u huis het ek die blye boodskap verneem van die heil wat ons in Jesus geskenk is. Dis toe dat die onuitspreeklike vrede wat ek sedert daardie tyd besit het, my deel geword het. O, meneer, wat 'n voorreg het u tog om met u hele gesin die Heer te mag dien. Nou is u gesin seker nog talryker, en het u seker meer dienspersoneel, as toe ek by u was. Nou kan u huis dus vir nog meer mense tot 'n seën wees, wat ek ook van harte wens.'

Ek kon nie verder lees nie. Elke reël was vir my 'n vonnis. Ek het gesidder en gebeef. Dit was vir my of die bloed van my kinders en huisgenote van my hand geëis was. Ek had diep berou, het my opgesluit, my sonde voor God bely en om vergewing gesmeek. Van daardie oomblik af het ons huislike godsdiensoefening nie stil hoof te staan nie en wou ek my sake liewers beperk as om daarin te kort te kom. Nee, — ek wil liewers duisendmaal geld verloor, as dat ek die siel van ander, en ook my eie siel, skade sou toebting."

Sal alle ouers so sê?

4. Die Inrigting van die huislike Godsdien.

Ter bestiering van diegene wat hulle verpligting gevoel om hul met hul huisgenote daaglik te verenig ten einde God vir Sy weldade gemeenskaplik te loof en te dank, maar wat hulle van hierdie noodsaaklike plig ook

gemoedelik wil kwyf, gee ons die volgende wenke:

1. Wees daar bedag op om 'n geskikte tyd vir u môre- en aangediens te bepaal en neem dit nougeset in ag. Hinderpale sal hul voordoen; maar almal wat hierdie ure van godsdienstige afsondering met hulle huisgesin as heilig beskou, sal nie dikwels gehinder word nie.

2. Verenig die lees van Gods Woord en sing, met die gebed. 'n Godsdienstleraar het eenkeer gesê: „Die wat smôrens en saans bid, doen goed; die wat bid en die Heilige Skrifte lees, doen beter; maar die wat bid, lees en sing, doen die beste van almal. Kristene moet ernstig die beste gawes begeer.”

3. In die huisgesin is die huisvader profeet, priester en koning. Dus behoort hy voor te gaan by die huisaltaar. Waar hy deur die dood of siekte of andersins wegval, moet die famieliehoof — die huismoeder of die seun van die huis — voorgaan. As daar niemand is om in die gebed voor te gaan nie, moet liewers 'n gebed gelees word as dat daar glad nie 'n gebed is nie. (Dis 'n verkeerde gewoonte om kinders te roep om voor te gaan by die huisgodsdienste of selfs by tafelgebiede.)

4. Wees kort; vernaamlik om drie redes: —
 (a) Terwille van die jonger lede van die huisgesin, want hulle kan lang dienste nie verdra nie. Hul word gou moeg. Waarom sou 'n mens hulle afkeer en vooroordele ook opwek?
 (b) Terwille van u beroepsbesighede wat veral in die môre verrig moet word. (c) Terwille van uself, sodat u gebed lewendig mag wees.

Waar vermoëing begin, daar eindig die gebed.

5. Laat die hele godsdiensoefening met soveel moontlike verskeidenheid gepaard gaan. Laat dit plaashê omtrent die lees, die sing en die bid, ja veral die laaste. Hoewel u huislike belange by u huislike erediens die eerste plek inneem, so behoort dit egter nie uitsluitend so te wees nie. Vergeet nie om vir u eie leraar te bid nie; en dink ook aan al die leraars van Kristus wat by vasgestelde gemeentes en onder die Heidens arbei; die afdeling van die Kristenkerk waartoe u behoort, met al die gemeentes; — die ryk waartoe u behoort en alle koninkryke van die aarde.

Partykeer sou u met goed gevolg kennis kan neem van 'n heuglike of ontroerende gebeurtenis wat in u buurte plaasgehad het. Die man wat op elke dag van die jaar met sy huisgesin bid, loop gevaar om in 'n sekere graad van eentonigheid of herhaling te vervel. Dis onaangenaam vir diegene wat hom hoor en, sover hy daarvan bewus is, pynlik vir homself. Dieselfde opvolging van gedagtes, dieselfde uitdrukkings, in dieselfde toon geuit, sal, as u nie daarteen waak nie, 'n doodse formaliteit teweegbring wat heeltemal ondraaglik sal wees. Om 'n verskeidenheid van uitdrukkings te hê, sal dit goed wees om die gedeelte wat u uit die Skrif gelees het, tot belydenisse, smekings en dankseggings te besig.

5. Die Gebed aan Tafel.

In elke kristelike gesin word aan tafel gebid. Hierdie gewoonte rus nie op 'n Bybelse voorskrif nie, maar is tog wel op die Bybel gegrond. Die Israelietiese huisvader het sowel vóór as ná die maaltyd sy tafolgebed uitgespreek met hierdie woorde: „Geseën is U, o Heer, ons God, die Koning van die wêreld, wat die brood uit die aarde voortbring”; en aan die einde: „Laat ons Hom loof wat ons met die Syne gevoed het en van wie se goedertierendheid ons lewe.” Hierop antwoord alle aansittendes: „Geloof is Hy wie se spyse ons geëet het en van wie se goedertierendheid ons lewe.”

Van die Here Jesus lees ons dat Hy met almal wat aangesit of aangelê het, eers gedank het, voordat Hy die brood gebreek het om rond te deel. Dit mag wel opgemerk word dat Hy wat met die gewoonte van die handewas as godsdienstige handeling gebreek het, aan die gewoonte van bid aan tafel Sy seël geheg het.

Treffend moet die oomblik gewees het, toe die maaltyd begin wat Hy Self vir die groot skare in die woestyn berei het, toe Hy Sy disipels gebied het om die mense te laat sit onder wie Hy die vyf brode en die twee visse sou ronddeel. Kyk! daar staan Hy met die hand op die spyse. Hy slaan die oë op na die hemel en spreek die dankgebed uit.

Hierdie trek uit die verhaal moet ons veral nie verby sien nie. Alvier die Evangeliste vermeld dit. Johannes sê dit later nog 'n keer uitdruklik by, as hy die wonder vermeld, dat

die Heer daarby gedank het. Jesus het die mag om die brode en die visse te vermenigvuldig, sodat daar vir almal genoeg sal wees en nog oorbly, maar Hy maak van hierdie mag nie gebruik nie, sonder dat Hy dit uitgespreek het in almal se teenwoordigheid uit Wie se hand hulle hierdie spyse eintlik ontvang. Van die wonder wat Hy gaan verrig, gee Hy die Vader die eer, en tot diegene wat hulle spyse uit die Vader se hand ontvang, sê Hy daarmee eens en vir altyd, maar dan ook op 'n seer duidelike wyse, dat hulle nie moet vergeet om Hom daarvoor te dank nie.

Nou word hierdie plig van dankbaarheid deur die tafelgebed in die Kristelike huisgesin onderhou. Seker, dis 'n vorm, maar ons moet op die vorme nie uit die hoogte neersien nie. 'n Vorm sonder meer is soos 'n leë skottel op tafel; maar wie sal nou sê: ek het niks aan 'n leë skottel nie, daarom sal ek die ete van nou af maar sonder skottel opbring. Dit kan nie.

Die hoofsaak by die gebed aan tafel is seker nie die vorm nie, maar die inhoud, en dit is die voor God uitgesproke belydenis dat wat daar op tafel staan, — vir die onderhoud van die lewe bestem, — uit Sy hand ontvang en tot Sy eer gebruik word. Maar hoe sal daardie belydenis nou uitgespreek word, sonder dat dit in een of ander vorm geskied?

Ons sal tog nie wil sê dat elkeen dit in sy binnekamer vir homself maar moet doen nie. Ja, dit kan, maar wie dit sou wil hê, het daaraan tog nie genoeg nie. Hy sal so'n geskikte oomblik as wanneer hy aan tafel sit,

daarvoor nie vind nie. Dis ook nie goed dat elkeen dit vir homself afsonderlik sou wil doen nie. Dit is die lede van een en dieselfde huisgesin wat mekaar ook hierin die weg moet wys en mekaar moet ondersteun om dit in eer te hou van die God in Wie se hand hulle lewe is en by Wie al hul paale is.

Die hoof aan die tafel moet die teken tot die gemeenskaplike tafelgebed gee. Dis gewoonlik die vrug van sy handewerk wat nou sal geniet word, maar hoe skoon is dit as hy nou ook sy mense voorgaan om God alleen die eer daarvan te gee. Almal, van die oudste tot die jongste moet in 'n eerbiedige houding sit. Die hande word gevou en die oë gesluit; daar is vir 'n oomblik stilte waarby elkeen aan sy eie gedagtes oorgelaat is, en die gedagtes van die vrome hul tot God verhef.

Partykeer ook bid die vader hardop, of een van die kinders spreek daarby 'n vanbuite geleerde gebed uit, kort: „Here, seën hierdie spys en drank, Amen”, en aan die end: „Here, U sy dank vir spys en drank, Amen”, of ook wel 'n langer gebed waarvoor in aanmerking kom die bedesang voor, en die danksang ná die ete, wat onder die gesange agter in ons psalmbundel voorkom. Hierdie laastes kan as voorbeeld vir 'n tafelgebed dien vir iedereen wat nog vra: „Wat sal ek bid?”

Dit is 'n bedenlike verskynsel van die tyd dat hierdie gewoonte in baie gesinne nie meer voorkom nie.

Laat elke Kristen, veral elke Kristenhuisvader, tog voel dat hy hierteenoer 'n dure roeping

te vervul het. By die stryd om die bestaan moet ook 'n stryd om die geloof te bewaar gestry word, anders gaan die volk te gronde. Die kragte daarvoor moet voortkom uit die huisgesinne waar die vrees van God woon. Die gebed aan tafel maak op homself 'n huisgesin nog nie vroom nie, maar deur dit na te laat word tog seker die vergeet van God in die hand gewerk en in elk geval 'n versuim gepleeg teenoor Hom wat die lewe en die onderhoud gee. Laat elkeen bereken wat 'n groot skade hy homself en ook sy kinders daardeur aandoen.

Die tafelgebed herinner aan die teenwoordigheid van God, is daardeur van invloed op die stemming en op die gesprekke aan tafel, help mee om die jongeres onder die tug wat vir hulle so heilsaam is, te bring, hef die deur sorges neergeboë hart weer op en gee hom sy geloofsvertroue weer, en heilig die onderlinge verkeer van een en dieselfde gesin se lede.

Welgeluksalig is die huis waar hierdie seën geken word en wat also van God Self opgebou word!

(Oorgeneem uit De Zendingkerk.)

HOOFSTUK VI.

DIE OPVOEDING VAN DIE KINDERS.

I. Opvoeding en Onderwys.

In ons tyd bestaan daar 'n groot gebrek aan 'n goeie opvoeding van ons kinders. Baie ouers dink dat hul hulle plig gedoen het, as hul hulle kinders maar skool toe stuur en laat die kinders verder doen en laat wat hul wil. Maar skoolgaan alleen is nog geen opvoeding nie, veral nou dat die meeste onderwysers tevrede is as die kinders hul skoolwerk maar goed doen en verder niks omgee hoe hul gedrag buitekant die skool is nie. Ons vrees dat baie ouers nie verstaan nie dat *opvoeding* iets anders is as *onderwys* en dat die twee saam moet gaan om van 'n kind 'n goeie en deeglike mens te maak.

Wat is opvoeding? En wat is onderwys? Deur *onderwys* word 'n kind se verstand ontwikkel; deur *opvoeding* word sy karakter gevorm. *Onderwys* het te doen met die hoof van 'n kind om dit te vul met allerlei kennis en geleerdheid, wysheid en wetenskap; *opvoeding* werk om die kind se hart te wen vir deug

en godsvrug, vir geloof en liefde, vir God en die hemel.

Die *onderwys* behoort op *skool*, die *opvoeding tuis* te geskied. Dit wil egter nie sê dat onderwys en opvoeding so van mekaar geskei is dat die skool met die opvoeding van die kinders niks te maak het nie, of dat die ouers oor die onderwys van hul kinders niks te sê het nie.

Tereg verwag ons dat ook in die skool nie alleen onderwys meegedeel sal word nie, maar dat ook op die opvoeding van die kinders moet gelet word; dat die kinders sowel op intellektuele as op morele gebied vir die taak en die stryd van die lewe voorberei sal word; dat ook die *siele* van ons kinders daar nie verwaarloos, nog minder verdorwe sal word nie, maar dat die siele ook gedurende die skoolure voedsel en leiding sal ontvang. Met een woord: dat die onderwys in kristelike sin en gees gegee sal word en aldus diensbaar sal gemaak word aan die opvoeding, die vorming van hart en karakter.

Ons meen dus dat die skool nie alleen die reg maar ook die plig het nie om oor die onderwys van die kinders 'n wakende oog te hou en 'n woordjie saam te praat het. Ons eis billik dat aan ouers die geleentheid moet gegee word om te sorg dat die onderwys van hul kinders, veral in sulke vakke soos vaderlandse geskiedenis, moedertaal, Bybelkennis, ens., in ooreenstemming is met die gevoelens, wense en beginsels wat die huisgesin besiel en deur die ouers op prys gestel word,

daar die kinders anders in 'n hooplose verwarring moet geraak of vervreem sal word van daardie dinge wat ons volk ook nou nog heilig en dierbaar ag.

Maar nietemin is die bewering volkome juis dat die onderwys in die skool, en die opvoeding in die huis behoor te geskied, nie alleen omdat die wet van die natuur die ouers wat deur die nouste natuurlike bande aan die kinders verbonde en vir hulle toekomstige welsyn verantwoordelik is, dit oplê nie, — ook nie alleen omdat hulle kristelike belydenis dit van hul eis nie, daar hul dié taak deur 'n plegtige belofte by die doop van hul kinders op hulself geneem het; maar reeds om die rede dat die kind slegs 'n paar uur op 'n dag op skool is, terwyl hy dag en nag onder die oog van vader en moeder verkeer wat reeds tengevolge van hierdie gedurige aanraking en samelewing met hulle kind die grootste invloed ten goede of ten kwade vir hom uitoefen.

Ons praat nou in hierdie boekie nie oor die eintlike onderwys van ons kinders nie, hoewel die onderwys-vraagstuk een van die belangrikste is wat ons volk veral in hierdie tyd besig hou, (ons laat dit aan bekwaamere penne oor) maar ons wil in die volgende stukke 'n paar gedagtes in die midde bring wat betrekking het op die eintlike opvoeding van ons kinders, m. a. w. oor die plig van Kristenouers om aan hulle kinders in die ouderlike huis 'n gesonde kristelike opvoeding te gee, en oor die manier waarop hulle aan hierdie heilige roeping die beste kan beantwoord.

2. Die Kristelike Opvoeding van ons Kinders.

Die kristelike opvoeding van ons kinders! Dit is voorwaar nie 'n gemaklike taak nie, en om dit na behore te kan volbring, is groot genade, wysheid en liefde nodig.

Hoe kom dit tog dat in party (helaas, in ons dae enkele) huigesinde al die kinders die voetstappe van hulle vroom ouers druk en die goeie weg bewandel, terwyl in ander huigesinde wat ook tog deur welgesinde ouers bestier word, dit juis die teendeel is?

Hier moet iets aan die opvoeding ontbreek, waardeur dit minder geseën en vrugbaar is. Ons weet wel dat alle opvoeding sonder die wedergeboorte en vernuwing van die Heilige Gees ydel is, maar die Heilige Gees wil juis van 'n getroue kristelike opvoeding gebruik maak om die genadewerk van God in die kind se siel aan te vang om dit later voort te sit en te volbring.

Samuel, Obadja, Timotheüs e. a. sou, mensliker wyse gesproke, nooit die manne wat hulle was, geword het, as hul nie 'n godvrugtige opvoeding geniet het nie. Die grootste en voortreflikste manne uit die ongewyde geskiedenis had 'n goeie opvoeding wat, al was dit nie altyd positief kristelik nie, tog op kristelike grondslae gebou was.

Die Bybel is die opvoedingsboek by uitnemendheid, en namate sy leerstellings en voor skrifte by die opvoeding van ons kinders minder of meer opgevolg word, na dieselfde mate sal ook hulle opvoeding welslaag of misluk. Gods

Boek het egter in ons hoogverligte (?) dae uit baie skole, opvoedingsgestigte en huisgesinne as opvoedingsboek verdwyn. Daarin lê die oorsaak van die toenemende verderf en die ligsinnigheid onder ons kinders en jongmense. En ook in origens beskaafde en kristelike huisgesinne, as Gods Woord nie altyd as vraagbaak en lewensgids geraadpleeg en gevolg word nie, ontbreek die seëninge en vruggevolge van die goeie en kristelike opvoeding.

Genade, ons weet dit, is geen erfgoed nie, en ook dat God vry is in Sy bedëlinge, maar die getroue en kristelike opvoeding van ons kinders sal Hy volgens Sy eie woord en beloftes met Sy guns bekroon.

Elkeen ken die geskiedenis van Augustinus. Deur sy vroom moeder, Monika, godvrugtig opgevoed, het dit aanvanklik gelyk of hy haar lesse en voorbeelde versmaad en sy opvoeding beskaam. Verslae en neergedruk sit die arme moeder in sak en as terneer. Maar sy gee nie moed op nie. Sy bly in die gebed om die behoud van haar seun smeek. Hoe, so het Ambrosius haar reeds verseker, kon dit moontlik wees dat 'n kind by soveel trane en gebede sou kan verlore gaan! En hy is nie verlore gegaan nie, maar is behoue gebly vir tyd en ewigheid om soos 'n lig te skitter en sy God te verheerlik.

Teenswoordig bekommer ons ons egter weinig oor die kristelike opvoeding van ons kinders. Hoe gaan dit, om kort te gaan, in baie huisgesinne? Baie ouers neem so weinig kennis van hulle kinders dat hulle, as hul smôrens

wakker word, waarlik nie kan sê of hul die nag binne- of buitekant die huis deurgebring het nie. Dit is die vrugte van ons tyd se geloof wat die mens benede die dier verlaag en alle bande van liefde en gehegtheid jeens medemense en huisgenote uitmekaar skeur en plek maak vir die verfoeilikste egolsme. Kinders en jongmense geniet in ons tyd te veel vryheid.

Die soete bande van gehegtheid van die huisgenote jeens mekaar word deur die ruwe tydgees vernietig. Uithuisigheid is een van die grootste euwels waaraan ons jongelingskap, veral in stede en dorpe, ly. Hul ken nie meer die genietinge van 'n tehuis, 'n „sweet home” nie. U het al 'n groot saak by u seuns tot stand gebring, as hulle liefde en gehegtheid vir hul ouderlike woning het. Daartoe moet u u kinders vanjongsaf aan die huis verbind, deur dit vir hulle daar so aangenaam as moontlik te maak en hul met teder liefde te lei en te onderrig.

Dit kan alleen die Kristelike godsdiens doen. Dié alleen ken en leer wat liefde is. Die gees van wrewel, verset en ongehoorsaamheid, wat huisgesin, kerk en staat deurtrek het, kan alleen deur die suiwerende asem van die Evangelie van die liefde verander en ten goede gekeer word. Daar moet godsdiens, ware godsdiens in ons huisgesinne wees. Ons godsdiens moet waaragtig wees. Geen klanke en ydel vertonings sal ons kinders vir Kristus wen nie.

Ons kinderkamers is die eerste en vernaamste kweekplekke van die kleintjies. Daar kan onder die seën van God met vrug gewerk word op die

nog so teer en gevoelige gemoed van die kleintjies. Hul moet bestier word deur moeders wat nie hulle grootste sorgie wy aan haarvlegtings en die omhang van goud of silwer nie, maar wat van God begeer 'n nederige en liefdevolle hart en 'n sagmoedige en stil gees wat kostelik is voor God en die geheim bevat om die kinders vir Kristus te win en dus hul geluk vir tyd en ewigheid te verseker. Die Spartaanse opleiding wat baie kinders in ons dae, by al die geskryf oor opvoeding en onderwys, dikwels ontvang, maak hulle tot Nimrods en geweldenaars, vatbaar vir alle sinlike genietinge.

Mog die Heer Sy Kerk en Gemeente vervul met 'n nuwe lewe tot meerder en beter behartiging van die kristelike opvoeding van die kinders!

3. Die Begin van die Opvoeding.

Dikwels word die vraag gedoen: „Op watter ouderdom moet ouers met die opvoeding van hulle kinders begin?”

'n Kind kan nooit te jong wees om sy opvoeding te ontvang nie. Reeds met die suigling kan daarmee begin word, as 'n mens hom leer dat hy nie altyd en in alles sy sin kan kry nie, al probeer hy ook om dit deur huil of skreeu te verkry. 'n Verstandige en goeie moeder ken die behoefte van haar kind en weet of die gehuil of verlange van haar liefing uit nood of uit eiesinnigheid voortkom, en daarna moet sy handel.

In ons land bestaan daar 'n groot dwaling onder baie moeders wat meen dat hul kinders se wil moet uitgevoer word, en daarom voldoen hul aan al die begeertes en gee die kinders net wat hulle verlang. Ek het stout, eiesinnige kindertjies gesien wat regte dwingelande was, en tog het die moeders hulle nie teëgegaan nie, omdat hul dan kastyg nog „so klein” was!

„Die boompie moet gebuig word, as hy nog klein is”, sê 'n spreekwoord wat selfs op klein kindertjies aan die borste van die moeders kan en moet toegepas word. As ons die kind reeds so vroeg leer om sy wil en begeerte te bedwing, dan lê ons by hom die grond van selfvertroue, beheersing en gehoorsaamheid waarop later verder kan gebou en ander deugde en goeie eienskappe kan aangekweek word.

Met die inprent van godsdiensbeginsels is dit net so gestel. Reeds kan aan 'n kind wat een jaar oud is, deur die moeder geleer word om sy handjies en ogies te sluit, terwyl sy hom 'n kort gebedjie of versie voorsê. Al begryp die kind daar nog niks van nie, hierdie handeling is in staat om vir God in die jeugdige hartjie op te wek 'n eerbied wat nooit verlore sal gaan nie. Natuurlik word daar later meer vereis om die kind in die vrees van God en vir al wat goed en edel is op te voed. Ek erken dat hiertoe groot wysheid en ondervinding vereis word.

Die grootste verkeerdheid in ons land is dat meisies moeders word terwyl hulle die kinder-skoene nog nie ontwasse is nie en dus self nog opvoeding nodig het. Baie moeders verstaan

dit besonder goed om hul kinders te bederf en vir hulle volgende lewe ongeskik te maak. Van hierdie klas val dus vir die opvoeding van hulle kinders niks goeds te verwag nie.

So vertel die godgeleerde Sriver dat sy moeder die gewoonte had, toe hy nog baie klein was, om hom nie alleen 'n gebedjie te leer nie, maar ook om haar hand seëndend op sy hoof te lê, wanneer sy hom neerlê om te slaap. Wanneer later die lus tot die kwaad hom in versoeking wou bring, was dit vir hom asof hy die hand van sy liewe moeder op sy hoof gevoel het; ja, asof 'n stem hom toegeroep het: „Krisjan, doen jou brawe moeder tog geen skande aan nie!” En die sondige gedagtes het dan verdwyn.

Opmerklik is ook die volgende: Enige jare gelede is daar in Noord-Amerika deur een van die Kerke 'n konferensie van predikante gehou. Dit was na afloop van 'n Sinodale Vergadering. Daar was 120 leraars bymekaar. Meer as een het sy lewensgeskiedenis verhaal; almal het meegedeel hoe hulle tot bekering gekom het. En wat het geblyk? Dat van die 120 leraars daar *honderd* was wat hul bekering, naas God, te danke had *aan hul vroom moeders*.

Tereg sê Pestalozzi: „Die wêreld se lotgevallen is in die *kinderkamer* geleë.” Maar ons moet nie vergeet dat daardie lotgevallen in die eerste en hoogste ressort in *Gods hand* lê nie. Sy vrymag moet ons nooit buite rekening laat nie. Ons moet as vaders en moeders ons intussen van ons heilige roeping teenoor ons kinders kwyf, sodat hulle by die dood in die oordeel nie

verwytend teen ons sal optree nie. Gebed, leer en voorbeeld moet ons kroos van hul jeug af aan die Heer en Sy diens gewen. So nie, dan is ons ook skuldig as hulle verlore gaan.

Tot ons waarskuwing nog die volgende: Eendag sit 'n moordenaar swaar geketen in die gevangenis. Hy moes die volgende dag skavot-toe. Daar word die deur van sy sel geopen. 'n Vrou tree binne. Sy is die moeder van die misdadiger en kom afskeid neem van haar kind. Toe hy haar sien, rammel hy met sy ketting; sy oë skiet vuur; met sy hand wys hy haar af.

„Moeder!” gil hy uit, „verwyder u; u is die oorsaak van my dood: ek gaan u voor die troon van God aanklaag. Jare gelede, toe ek as kind kool en appels gesteel en vir u gebring het, het u my geprys as 'n skrandere seun. Later het ek groter diefstalle gepleeg, eindelijk met moord gepaard. Vloek, duisendmaal vloek oor u!”

Wenend het die moeder die gevangenis uitgevlieg en geweeklaag: „Wee my, wee my!” En sy mog dit wel doen, want sy was diep te beklag, en hoe sou sy haar gedrag voor God verantwoord het?

O! as dit tog maar meer verstaan word dat ouers, veral moeders, 'n heilige, goddelike werk het om te verrig, waar hulle geroep word om die pande wat hul toevertrou is vroeg bekend te maak met God en Sy diens nie alleen nie, maar ook met eerlikheid en waarheidsliefde.

Wellig sê iemand: „As die eerste geskied, sal die ander vanself volg”. — Ja, as die praktyk saamgaan met die leer. Maar dit gebeur nie

altyd nie. Die Bybel word gelees, die gebed gedoen, 'n lied gesing, en nou is dit klaar met die godsdiens. Verder gaan ouers en kinders hul gang en word op woorde en daade dikwels nie gelet nie. Nee, nou moet die godsdiens in die lewe volg; die Kristendom in woord en wandel blyk, op trou, regskaapheid en elke kristelike deug gelet word.

En nog 'n keer: baie vroeg moet daarmee begin en veral op klein onhebbelikheidjies gelet word. Die grotes spring vanself genoeg in die oog. „Obsta principiis” was die Latynse spreekwoord wat nader omskrewe beteken: „Staan die bose beginsels teen; probeer om dit by die ontkieming van die kwaad te breidel, uit te roei.” Ag! dingetjies waar vader en moeder eers oor lag as 'n aardigheid, 'n slimmigheid van die kind, word later dikwels met hete tranes beween.

Met die oog op die verhaal wat ek meegedeel het, kom my uit my jeug 'n Hollandse rympie voor die gees. Dit lui as volg:

„Eerst een raap,
Dan een schaap,
Dan een koe,

En zo gaat 't naar de galg toe!”

Mag ons en ons kinders met daardie waar-
skuwing tog ons voordeel doen!

(*Oorgeneem*).

4. Die Grondslag van die Kristelike Opvoeding.

(Deur wyle Ds. P. A. Winter van Middelburg, K. P. uit die „Vereniging” oorgeneem.)

U kinders is van adel en het 'n heerlike bestemming; laat die bewussyn van hulle hoë rang altyd in hul lewendig gehou word.

Die moeder van 'n jong man wat baie diep gesonke was, maar wat sy nogtans teer en hartstogtelik bemin het, sê eendag, nadat sy 'n ernstige preek in die kerk oor hemel en hel gehoor het, na afloop van die diens, aan 'n vriendin: „As ek in die hemel mog kom en my Jannie nie daar sou vind nie, sou ek die hemel nie wil hê nie, maar liewers na my kind in die hel toe gaan.”

Dit was verkeerd, sondig, goddeloos gesproke; maar ons kan dit goed verstaan hoe 'n moeder wat haar kind bo alles liefhet, so kon praat. 'n Ware moeder of vader kan haar of hom geen saligheid, afgeskei van hulle kinders, voorstel nie, net so min as wat hul 'n aardse geluk alleen sou wil besit of geniet, sonder dat hul kinders daaraan deel het. Kinders is tog die grootste skat vir die ouers. Tonne goud en alle eerbewyse van die wêreld kan nie aan ouers die smart en droefheid hul deur 'n slegte en goddelose kind veroorsaak, vergoed nie.

Eenmaal het 'n ryk handelaar 'n aansienlike som geld vir liefdadige doeleindes aan 'n predikant oorhandig. Hulle het nog 'n tydjie by die venster in sy pragtig gemeubileerde vertrek gestaan en praat. Die dienaar van God maak toe die

opmerking dat die koopman baie gelukkig was om so 'n fortuin te besit wat hom die moontlikheid verskaf om soveel nut te stig.

„Gelukkig?” sê die ryk man en wys deur die venster na 'n arm seun wat hom bekend was, en wat juis op dié oomblik in skamel klere en sonder skoene in die straat verby stap. Met trane in die oë vervolg hy: „Al my rykdom sou ek wil gee, as ek onder my kinders maar een had wat my soveel vreugde en so min verdriet berokken as daardie arm knaap aan sy vader veroorsaak!”

Ons begryp dit, en ons weet ook dat die lewe en die geluk van die kinders vir die ouers van meer belang en waarde is as hulle eie geluk of selfs hul eie lewe. Elke regte moeder sal met gevaar vir haar eie lewe haar kind uit die vlamme van 'n brandende huis red en sonder aarsel die woedende leeu wat haar liefing tussen sy kloue het, tegemoet tree.

Ons kan egter maar weinig vir ons kinders doen; in die swaarste oomblikke is ons hand te kort, ons krag te swak, ons wysheid te dwaas. Verleë, radeloos, angsvol staan ons voor hulle, reeds voor die kleintjies, wanneer hul op die siekbed deur sware pyn gefolter word en uitroep: „Vader, moeder, help my!” en nog meer voor die node, gevare en aanvegtings van diegene van ons kinders wat nie meer kinders is nie, en wat tog by vader en moeder raad en hulp soek.

Geen vraag beweeg dus die kristelike ouderhart dieper nie as die volgende: „Wat moet ons doen om die versekering en gerusstelling te hê dat ons kinders 'n lig en sout op hierdie

aarde, en hiernamaals deelgenote van die heerlikheid van God sal word?" Die laaste of liewers die eerste doel van ons hele aardse lewe is tog dit, dat ons die ewige lewe deelagtig sal word. Vir Kristene is dit voorts 'n uitgemaakte saak dat Jesus Kristus alleen die ewige lewe kan gee.

Bogenoemde vraag moet dus vir Kristenoers so gestel word: „Wat moet ons doen om ons kinders in gemeenskap met Jesus te bring?" En die antwoord? Ons het in die eerste plaas niks te *doen* nie, maar iets te *glo*, nl. dat ons kinders *verlos* is en dat hulle *gedoop* is.

Hierdie groot en heerlike gedagte: My kind, jy is verlos en geroepe om 'n kind van God te wees vir tyd en ewigheid; jy het 'n Verlosser wat jou met Sy dierbare bloed gekoop het, en wat nie wil of kan rus nie, totdat Hy jou deur Sy Gees na Sy beeld in gedaante verander het van heerlikheid tot heerlikheid; — hierdie verhewe en salige waarheid moet die kind ingeprent word, sodra hy begin te dink.

Sy oog moet hemelwaarts gerig word, daarheen waar die Here Jesus op die troon van God sit en omgewe is met ewige heerlikheid, bekleed met goddelike mag oor en vervul met heilige liefde vir die siele van alle kinders wat van kristelike ouers gebore is. Hierdie waarheid, dat ons kinders verlose wesens is, is by die gedagte aan hul toekoms ons *troos* en by die werk van hul opvoeding ons *krag*.

Ons mag ons dus nie met die *onskuld* van ons kinders troos en die hande in die skoot lê nie en meen dat hulle opvoeding alleen daarin

bestaan dat ons daarvoor moet waak dat hulle nie in aanraking met slegte invloede en bese voorbeelde kom nie. Hierdie onskuld bestaan slegs in ons verbeelding. 'n Vreeslike mag van die sonde sluimer in hul binneste, want wat uit die vlees gebore is, is vlees. 'n Vreeslike mag van die sonde omring hul aan alle kante.

Die aanraking daarmee kan ook met die beste wil en die teerste liefde nie vermy word nie, want die hele wêreld lê in die bese en het invloed op hulle dink, spreek en handel, terwyl legio bese geeste dit hul werk maak om ons kinders na die ewige verderf te sleep. Maar hul kan verseker wees dat die mag van Kristus groter is as die verenigde strydkragte van sonde en Satan, wêreld en hel, hoe fel hul ook mog woed, hoe hul oorwinnings ook soms mog wees.

Die hele opvoeding van kinders, die oefening en aankweking van hulle godsdienstige lewe, moet uitgaan van hierdie beginsel, moet rus op hierdie fondament: Hul is sondaars, maar deur Jesus verlos. Al die sing, bid en onderwys uit Gods Woord moet hierdie grondtoon hê: Die verlossing van mense, en dus ook van kinders, is deur Kristus volbring. Ons moet dus die kinders nie in die eerste plaas dreig met hel en verdoemenis, hul skrik aanjaag met die toorn en oordeel van God nie, maar tot hulle spreek van God se ewige en oneindige liefde en alsoo nie vrees vir God nie, maar liefde tot Hom in die jeugdige harte wek en plant.

Ons moet hulle die Kristendom in sy ideale en tog reële heerlikheid voorstel en hul God

leer ken meer as 'n liefhebbende Vader dan 'n gestrenge wetgewer, sodat hulle daar deur aangetrokke en nie deur afgeskrik word om hulle aan Hom en Sy diens te wy. Ook moet ons die godsdiens nie as 'n bestrawwingsmiddel gebruik nie; dit is pedagogies onwys en onraadzaam om 'n kind gesangverse of Bybeltekste vanbuite te laat leer vir enige vergryp, omdat daardeur moontlik by hom 'n teësin gewek word teen datgene wat vir hom die grootste voorreg en die hoogste vreugde behoort te wees.

Die kinders moet vroeg leer verstaan dat 'n Kristen meer reg en rede het om bly te wees as die wêreld, dat vroom wees meen vrolik wees, soos die Here deur die profeet Jesaja spreek: „Wees julle vrolik en verheug jul tot in ewigheid in wat Ek skeep; want sien, Ek skeep vir Jerusalem 'n verheuging en vir sy volk 'n vrolikheid.”

Dis weliswaar om van te gril, wanneer ons daaraan dink hoedanig die wêreld is wat ons kinders by die verlaat van die ouderlike huis verwag en wat hulle (ag hoe spoedig!) alleen moet binnetree en deurwandel. Weemoedig doen ons dikwels die vraag: Liewe kinders, wat sal van julle in hierdie wêreld so vol gevaar en sonde word? Sal julle jul man staan teen al die verleiding?

Aandoenlik is die volgende geskiedenis van 'n skilder wat in sy jonger jare 'n pragtige beeld van die *onskuld* geteken het van 'n mooi seuntjie aan sy moeder se knie. Later, in sy ouderdom, het hy 'n portret geskilder van 'n aaklige persoon in die gevangenis om die *skuld*

voor te stel en moes toe ontdek dat dit dieselfde persoon was! Deur die duiwelse mag van die sonde was uit die lieflike en rein beeld van die kind so'n aaklige en verfoeilike wangedrog ontstaan.

Hierdie geskiedenis is waar en word duisendmaal opnuut waar. Elkeen kan so iets in sy eie kring belewe, uit sy eie ondervinding bevestig. Ag, dit staan nie op 'n kind se voorhoof geskryf wat hy later sal word nie. Niemand kan voor spel tot watter hoogtes of dieptes hy op sy lewensweg sal geraak, hoeveel lig en donkerheid vir hom daar in die verskiet wag nie. Die klein Judas Iskariot wat later die Here Jesus verraaï het, was miskien net so lief en onskuldig as die klein Johannes wat later in die skoot van Jesus aangesit en onder die kruis van Golgotha gestaan het. Die klein Napoleon Bonaparte wat later 'n hele wêrelddeel met bloed en tranes vervul het, het waarskynlik sy moeder net so verbly en betower as die klein Martin Luther wat later met die swaard des Geestes heerlike oorwinnings behaal het.

Wanneer ons 'n kind voor ons sien, sy gulle lag verneem en op sy gelaat enkel sonskyn en vreugde lees, hoe dikwels skiet ons die vraag deur die hart: „Wat zal toch dit kindeken wezen?” (Luk. 1 : 66). Hoe sal hierdie kind inwendig en uitwendig na enige tientalle van jare daar uitsien?

Wat sal hierdie onskuldige ogies nog alles in die wêreld te aanskou kry? Hoe hard of hoe vuil sal hierdie sagte en wit handjies nog word van die lewe se werk of van die sonde se slyk?

Hierdie klein voetjies wat nou vrolik rondspring, op watter weë sal hulle nog wandel, oor watter klippe nog struikel? Sal hierdie hartjie, so rein, so fris, so week, so vroom, sal dit 'n skoon Godstempel of 'n duister moordspelonk word? Hoe menigmaal sal dit nog inmekaar krimp in bittere smart of sneller klop in blye hoop totdat dit vir die laaste maal sal klop?

Donker lê die weg van ons kinders voor ons, en boos is die wêreld waardeur hulle lewensreis gaan. Ons moes vrees en sidder, as ons by hulle opvoeding op niks anders dan eie krag en wysheid kon steun nie. Wat ons troos en blydschap, moed en vertrouwe gee, is alleen dit: Daar is vir hulle 'n Leidsman, 'n Heiland tot Wie ons hul kan bring, aan Wie ons hul kan oorgee, uit Wie se hand niemand en niks hulle sal ruk nie.

Die eerste dus en die grondslag van alle kristelike opvoeding is dat ons ons kinders in die regte lig moet beskou, dat ons hulle moet ken en behandel soos skepsels wat deur die Here Jesus Kristus kinders van God geword het.

Die menslike natuur is gadel geword en tot hoë rang verhewe deurdad die ewige God Sy eniggebore Soon in ons menslike vlees en bloed gebore laat word het. Die Heer Jesus het deur al die trappe van die menslike ontwikkeling gegaan, van die oomblik af toe Hy as babetjie, klein en swak, in Sy moeder se skoot gelê het, tot aan die oomblik toe Hy, bleek en bloedig, aan die kruis Sy gees in die hande van Sy Vader beveel het.

En met watter innigheid en teerheid het Hy altyd juis met kinders omgegaan; hoe mild en sag trek Hy hulle lot Hom aan; hoe deel-nemend, belangstellend, vol agting en byna vol eerbied, staan Hy vir 'n kind stil, Hy wat oor hemel en aarde gebied! Hoe groot dinge weet Hy van die kindertjies te sê! Hy roep 'n kind en stel hom tot 'n voorbeeld vir Sy disiepels: „Word soos die kindertjies of julle sal die koninkryk van die hemele nie binnegaan nie.” Hy praat van die kinders se engels wat altyd die aangesig van Sy Vader in die hemele sien. Hy sê dat God Hom lof toeberei het uit die mond van kinders en suiglinge. Hy lê die hande op hul: „Derzulken is het koninkrijk der hemelen.”

O, wanneer ons ons kinders aansien, laat ons dan altyd aan hierdie woord gedink! Dit moet ons leidraad wees by hulle opvoeding. As ons dit vashou: Hulle is erfgename van die hemel en vir die hemel moet hulle opgevoed word, dan sal ons aan die een kant nie die verkeerde liefde hê nie om die kinders te bederf deur hulle sonde te verontskuldig, hulle ondeugde deur die vingers te sien en met swak toegewendheid in alles hulle wil te doen, maar ons sal ook aan die ander kant nie ongeduldig word of die moed verloor by die teëgaan van hulle gebreke en swakhede nie. Ons sal ons altyd herinner: hulle is kinders van God, erfgename van die ewige saligheid, en vir die hemelse erfenis moet hulle hier geskik gemaak word, en dit moet hulle gesê word watter hoë betrekking hul beklee.

U kinders is verlos. U het nie eers nodig om hulle te verlos nie. Dit sou u ook swaar val en 'n onmoontlike taak blyk. Niemand kan sy broer verlos nie, en ook niemand sy kind nie. U moet slegs die bode en tolk van God wees wat hulle hierdie blye boodskap bring.

Om hierdie waarheid, hierdie evangelie van die volbragte verlossing aan hul bekend te maak, is u hoogste vreugde en grootste eer. Dit is 'n ryke bron van troos by al die foute en ondeugde van u kinders. Dit is die grond van u onwankelbare geloof en vertrouwe dat hulle tog nog gered sal word, al het hulle in sonde geval of selfs skynbaar hopeloos van die Heer afgedwaal en skipbreuk gely aan die geloof.

Ons moet dus 'n heilige eergevoel in ons kinders wek, die bewussyn van hulle hoë rang in hul lewendig hou. Die eer, die rang, die adel, die hoë posiesie is: Julle is kinders van God. Koningskinders en ander spruite van hoog-aansienlike en oud-adellike famielies word deur hulle opvoeders by elke stap herinner: „Dit of dat betaam jou nie; al mag ander kinders dit doen, dis jou nie geoorloof nie, want jy is 'n koningskind of van hoë geboorte en jy moet jou ooreenkomstig jou hoë rang gedra.”

Kristenouers, u kinders is meer as koningskinders. Hulle is kinders van God en moet gedurig aan hul hoë rang herinner word. U sou menigmaal die roede kan spaar waarmee u u kind nou tugtig, en wat nie alleen die kind nie, maar ook uself pyn aandoen, indien

u hierdie goddelike eergevoel in hulle wil wek en hul opvoeding uit hierdie oogpunt en met hierdie oogmerk wil behartig. Kyk u eiesinnige, ongehoorsame, leuenagtige seun diep en ernstig in die oë en vra hom: „Pas dit 'n kind van God? Jy is 'n Kristenkind, en maak jy so? So'n gedrag betaam jou nie: dit is benede jou rang as 'n verlose van Jesus, as 'n erfgenaam van die hemel.”

In 'n sekere oorlog kom 'n soldaat van die vyand in 'n huis en begin op die vreeslikste wyse te skel en te vloek en die huisraad stukkend te slaan, omdat hy honger was en die arm mense wat al hul goed verloor het, hom geen kos kon gee nie. Toe gaan die huisvader, 'n stil man en gelowige Kristen, na die woedende soldaat en vra hom: „Sê my, sou die Here Jesus ook so gehandel het?”

Hierdie eenvoudige woord had 'n verbasende uitwerking. Die ruwe krygsman was op die plek ontwapen en sy toorn verdwyn. Hy het hom oor sy gedrag geskaam. Hy gee die huisbaas die hand en vra hom met trane in die oë om vergiffenis.

Vriend, sê aan u kind wat iets verkeerd gedoen het: „Sou die Here Jesus ook so gedoen het?” Dit is beter as vloek en raas, en die traan in sy oog sal u sê dat u woord die gewenste uitwerking gehad het.

Herinner u kind dat hy *gedoop* is en in 'n verbondsbetrekking tot God staan. Hoe is hierdie heilige en dierbare Sakrament in die stof en in die as getrek, sodat dit vir duisende niks meer is nie as 'n geestelose vorm, 'n

doeie seremonie. Die doopplegtigheid moet geestelik opgevat word. Die gelowige Kristen weet: Die genade van God behoort aan my kind wat gedoop is. Hy is die eiendom van Jesus, en die getroue Herder van Sy lammers sal hom nie vergeet of verlaat nie, wat daar ook mog gebeur.

„Is u gedoop?” Deur hierdie eenvoudige vraag is ’n geseënde man Gods eenmaal aan die trou en liefde van sy Verbondsgod herinner geword en uit diepe swaarmoedigheid tot ’n blymoedige geloof teruggebring.

„My kind, jy is gedoop.” Hierdie woord moet aan die kind toegeroep word, wanneer hy in gevaar is om aan sonde toe te gee, in gevaar om aan die waarheid of die genade van God te twyfel. Daardeur word sy hoë rang, sy eervolle betrekking hom voorgehou. Daardeur ontvang u geloof krag om aan u kind se opvoeding te arbeid, solank dit die welaangename tyd, die dag van saligheid is, en ook om vir die verlore seun of dogter nog te bid en te hoop dat „overmits de doop een zegel en ongetwyfelde getuigenis is, dat wij een eeuwig verbond der genade met God hebben.”

5. Die Hemellug in die Huisgesin.

Sal ons kinders verstaan wat dit meen om verlore kinders van God te wees, dan moet hulle dit leer van en sien aan ons wat hul ouers en opvoeders is. En hier kom die diepe

erns van die saak, die persoonlike verantwoordelikheid, die oorgang van die geloofsleer tot die sedeleer. Woorde wek voorbeelde trek. Bewys deur u lewe dat die Evangelie van Kristus krag en waarheid is. Laat op die belydenis van die lippe u wandel die sprekendste Amen wees.

„Dit is ou waarhede wat ons al dikwels verneem het,” sê die een.

„Dit is maklik om te sê, maar moeilik om te doen,” sê 'n ander.

Maar oud of nie oud nie, daardie waarheid moet altyd weer herhaal word, veral waar ons oor die opvoeding van kinders praat; maklik of moeilik, daardie eis word aan elke Kristen gestel en veral aan kristelike ouers. Kinders is soos plante; hoewel hul nie kan dink nie, lewe hulle tog. Die lewe van plante is onbewus, maar vatbaar vir ontwikkeling. En hierdie ontwikkeling is afhanklik van die grond waarin die saadkorrel ontkiem, en ook van sonskyn, dou en reën waarmee dit gevoed word, wat vir hulle lewe en groei onmisbaar is, en wat hul opneem en insuig sonder om dit te weet, onbewus en onwillekeurig.

So is kinders; hul dink nie veel of diep oor mense en sake nie, maar onbewus leef hulle van die lug wat hul in die ouderlike huis inasem, en wat hulle siele laat lewe of — laat sterwe. Lank voordat hulle verstaan wat geloof of ongeloof is, word hulle onwillekeurig deur die ouers beïnvloed en ontwikkel hul boontoe of ondertoe, al namate die gees is wat die gesin beheers. Die geestelike atmosfeer

van die huis suig hul in, neem hul op, en hul groei daarvan of kwyn daaronder.

Alles word deur hulle opgemerk en gadegeslaan, gevoel en ter harte geneem, nog voordat hulle in staat is om hul indrukke te ontleed of in woorde terug te gee. Wanneer die kinders sien dat hulle ouers 'n gebedslewe lei, dat hulle vir 'n hoër onsigbare mag buig, dat hulle put uit bronne wat nie op hierdie aarde ontspring nie, dat hulle in goeie en bese dae uit 'n bowenatuurlike wêreld krag tot werk, tot ly, tot oorwin soek en vind — o, dit gee hul 'n diepe eerbied vir hulle ouers, dit wek in hulle 'n vurige verlange om te word soos vader en moeder is.

Waar die lug van die ewigheid deur die huis waai, waar die lig van die hemel die ouers bestraal en van hulle terug gekaats word; dit is 'n mag en 'n seën vir die opvoeding van die kinders wat helaas nie in alle, of sal ek sê, slegs in weinige wonings gevind word.

Die kristelike lewe moet die kinders dus voor oë gestel word, nog voordat hulle met woorde daarin onderwys word. Hulle moet dit aan hul ouers sien hoe salig dit is om 'n kind van God te wees; hoe in so 'n lewe die vreugde nooit sterf, ook nie in die bitterste leed nie; hoe die Gees van krag, die tug van liefde altyd in so 'n hart regeer, ook wanneer die golwe van beproewing en aanvegting hoog en hoër rys. Die harte van kinders word hemelwaarts getrek, wanneer hulle die ondervinding opdoen dat hul ouers mense is wat na die hemel opsien,

en wat deur hulle afhanklikheid van en gemeenskap met God ryk, sterk en gelukkig is, al is hulle lewensweg nie met rose maar met dorings besaai. In die reël sal die kinders die weg van die ouers bewandel.

Op 'n vergadering van gelowige manne, gehou in Boston, Amerika, het negen-en-negentig uit die honderd-en-twintig met dankbaarheid in hul oë verklaar dat hulle *moeders* die grondslag van hul geloof en liefde tot die Heer in hulle harte gelê het. En werklik, wie gelowige ouers gehad het, ouers in wie Kristus werklik 'n gestalte gekry het, die sal ook op die donkerste dwaalweë tog altyd nog 'n helder ster en 'n vaste steun hê wat hom reg lei en reg hou. Die geloof van sy ouers sal 'n stille, verborge mag wees wat hom bo water hou en hom nie heeltemal laat versink nie.

'n Sekere predikant wat in sy jong jare deur baie twyfelinge en hewige worstelinge moes gaan, voordat hy tot 'n besliste oorgawe en tot inwendige vrede gekom het, het later die volgende bely: „Ook in my donkerste oomblikke waar die openbaring van God soos 'n newel voor my oë verdwyn het, en dit gelyk het of die grond van die waarheid onder my voete wankel, het die herinnering aan my vroom moeder my vir volslae wanhoop en ongeloof bewaar. Nooit kon ek dink dat sy met haar kristelike geloof kon gedwaal het nie; want ek het gesien hoe sy daarin en daarvan geleef het, hoe sy daardeur gelukkig was en ander gelukkig gemaak het. Toe sê ek tot myself: Van niks kom niks; 'n Kristus wat slegs in die verbeelding bestaan,